Strooidak eredienste

Die Gemeenteraad van Strooidak eerbiedig die besluit van die president, mnr Cyril Ramaphosa, in sy poging om die Coronavirus se verdere verspreiding te probeer bekamp, deur sosiale byeenkomste waar 100 of meer mense teenwoordig is, te kanselleer. Ons, as gemeenteraad glo dat ons aan die een kant nie met vrees moet lewe nie, maar aan die ander kant ook nie in ontkenning nie.

Strooidak se Gemeenteraad het daarom besluit om vanaf eerskomende Sondag, 22 Maart 2020, eredienste in huidige formaat te staak, tot verdere kennisgewing. Eredienste sal egter vervang word met 'n geleentheid om stil te word in die kerkgebou vanaf 06:00 tot 12:00 elke Sondag vanaf genoemde datum.

Ons wil daarom lidmate asook ander Paarliete uitnooi om in stilte die Here se vertroosting en nabyheid te kom ervaar. 'n Geskrewe liturgie sal in die banke beskikbaar wees.

Die aantal mense op enige gegewe stadium in die kerkgebou sal beperk word soos voorgeskryf deur middel van toegangsbeheer, maar u kan asseblief kom tussen genoemde tye en die Here se teenwoordigheid ervaar.

Die uitnoding om stil te word op Sondae in die Strooidakkerk, word nie beperk tot Strooidak lidmate nie.

Strooidak sien uit daarna om van hierdie verleentheid 'n geleentheid te maak!

Gemeenteraad
16 Maart 2020

Posbus 2345, Paarl 7646
t: 021 872 4396
f: 021 872 9370
e: skriba@strooidak.co.za

www.strooidak.co.za